| Centre Number | Candidate Number | Name |
|---|---|---|
| | | |

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02,0556/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2004

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.
No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen in the spaces provided on the Question Paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
Skryf met ‘n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ‘n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

If you have been given a label, look at the details. If any details are incorrect or missing, please fill in your correct details in the space given at the top of this page.

Stick your personal label here, if provided.

| For Examiner's Use | |
|---|---|
| **Part 1** | |
| **Part 2** | |
| **Part 3** | |
| **TOTAL** | |

This document consists of **18** printed pages and **2** blank pages.

SP (SLM/KS) S57747/2
© MBESC Namibia 2004

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

**[Turn over**

## Afdeling 1

### Oefening 1: Vrae 1–6

Kyk na die advertensie van 'n koerant en beantwoord vrae 1–6 deur middel van soeklees.



*For Examiner's Use*

1 Wat is die naam van die koerant wat hier adverteer word?

..........................................................................................................................................[1]

2 Skryf 'n woord uit die advertensie neer vir koffie.

..........................................................................................................................................[1]

3 Watter nommer moet jy skakel as jy telefonies op die koerant wil inteken?

..........................................................................................................................................[1]

4 In watter bylae van die koerant sal die besigheidsman die meeste belangstel?

..........................................................................................................................................[1]

5 Hoekom hang daar vyf etikette uit die koppie in die advertensie?
Motiveer jou antwoord.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

6 Watter woord in die advertensie verwys na iemand wat dol oor boeke is?

..........................................................................................................................................[1]

[Totaal : 7]

**Oefening 2: Vrae 7–11**

Lees die volgende leesstuk oor Ford en beantwoord vrae 7–11 deur telkens **WAAR** of **ONWAAR** met 'n kruisie te merk.

# Tyd vir 'n nuwe model

In 1896 het Henry Ford sy eerste motor aan die mensdom bekendgestel. Die enigste probleem was dat dit heeltemal te duur vir die gewone mens was. Die gemiddelde man kon dit nie bekostig nie. Na baie harde werk en denkverandering het hy in 1908 die Model T op die mark gebring. Hierdie keer was dit bekostigbaar. Dit was net in swart beskikbaar en almal het dieselfde gelyk, maar die mense het nie omgegee nie. Dit was in daardie stadium so wonderlik om 'n motor te hê dat die kleur en voorkoms daarvan onbelangrik was.

Kort voor lank het die mense egter iets anders begin soek. Hulle wou hê die motors moes verskillend volgens ontwerp en kleur lyk. Hiermee kon Henry nie vrede maak nie. Vir hom was die Model T Ford die volmaakte ontwerp. Dit was soos hy geglo het 'n motor moet lyk en hy het geweier om iets daaraan te verander. Daar word selfs vertel dat 'n produksiespan in die geheim 'n ander model gebou, en op 'n dag vir Henry gewys het. Hierdie nuwe, rooi motor was vir Henry so onaanvaarbaar dat hy dit letterlik met sy hande uitmekaar wou ruk.

Tog moes hy dit uiteindelik aanvaar. Die feit dat die Model T se verkope merkwaardig gedaal het, het hom gedwing om aan te pas. En as hy nie verander het nie, sou ons nooit die Ford Mustang, Cougar of Escort gesien het nie.


| | | WAAR | ONWAAR |
|---|---|---|---|
| **7** | Die wêreld se eerste motor is in die neëntiende eeu vervaardig. | ☐ | ☐ |
| **8** | Die wêreld se eerste motor was te duur of "nie goedkoop genoeg nie" vir gewone mense. | ☐ | ☐ |
| **9** | Henry Ford was opgewonde om 'n ander model en kleur motor te ontwerp. | ☐ | ☐ |
| **10** | Henry Ford het slegs 'n paar Model T's verkoop. | ☐ | ☐ |
| **11** | 'n Afname in die verkope van die eerste model het gelei tot die vervaardiging van nuwe modelle. | ☐ | ☐ |

[Totaal : 5]

BLANK PAGE

**Oefening 3: Vrae 12–15**

Lees die artikel oor stoomlokomotiewe deur en beantwoord vrae 12–15.




MET die intrapslag kom ‘n mens agter dat hier iemand woon wat sommer ernstig in treine belang stel. Jy is nog skaars by die gesinskamer se deur in of jy sien die mooiste rangeerlamp van ‘n paar dekades gelede. Teen die muur aan die oorkant is koperdele van ‘n lokomotief. Die rede vir my kuier is om met Henry Lazenby oor stoomlokomotiewe te gesels.

In Potchefstroom waar hulle eers gewoon het, vertel hy, was hulle huis baie naby aan die treinspoor. As die ysterperde daar verbystoom, kon hy maar net met groot oë staan en kyk. Dit is waar alles begin het. Later het hulle Pretoria toe getrek, maar die belangstelling het gegroei. Na ‘n rit op die Banana Express in Natal het Henry geweet hy moet nader aan treine kom, want hulle doen iets aan hom! Terug in Pretoria het hy gehoor van “Friends of the Rail”. Hierdie klub is baie meer as net ‘n kuierplek vir ouens wat van stoomlokomotiewe hou. In ‘n sekere sin is hulle ‘n bewaringsgroep, want hulle neem ou lokomotiewe wat staan en roes, en restoureer hulle totdat hulle weer in ‘n werkende toestand is.

As jongste lid van “Friends of the Rail” het Henry die voorreg om elke Saterdag - dis nou as die lokomotiewe gebruik gaan word - te sorg dat die vuur aangesteek word. Hy is die sogenaamde “vuuraansteker”. “Dit beteken nie ek steek ‘blitz’ aan, gooi houtskool op en ‘n paar minute later brand die vuur nie,” sê Henry. “Om so ‘n lokomotief aan te steek, vat ongeveer sewe ure! Dan moet ‘n mens nog sorg dat die vuur se temperatuur net reg is anders kom daar groot skade aan die stoomketel. Daarna moet jy sorg dat die hitte konstant bly anders kan die lokomotief nie stoom nie. En as hy nie stoom nie, kan hy nie loop nie.”

For Examiner's Use

12 Waar het Henry Lazenby se belangstelling in stroomtreine begin?

..........................................................................................................................................[1]

13 In watter deel van Suid-Afrika kan jy op die Banana Express ry?

..........................................................................................................................................[1]

14 Noem **twee** redes waarom mense by "Friends of the Rail" aansluit.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

15 Waarom sou ons kon sê dat die "vuuraansteker" 'n baie verantwoordelike taak het? Noem twee redes.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

[Totaal: 6]

**Afdeling 2**

**Oefening 1: Vrae 16–21**

Lees die onderstaande verhaal en beantwoord vrae 16–21.

# WOESTYNBLOM

**deur Anesh Govender**

Die afgelope uur wil-wil die enjin uitsny. Dit was oorverhit en toe ek bo-op die duin kom, het die enjin afgeskakel. Ek het die sweet van my gesig afgevee. Ver onder die duin het ek 'n woonwa sien staan met sy blink dop en vensters wat oranje en rooi weerkaats. Toe ek by die woonwa kom, gaan die deur oop en 'n vrou klim uit.

Sy was half-Indies met lang donker hare. Haar groot bruin oë het vir my geglimlag en ek het teruggeglimlag.

“Hallo... ek het gewonder of jy vir my 'n bietjie drinkwater het? Myne is byna heeltemal op, want my bottel het begin lek sonder dat ek dit agtergekom het.”

Sy het vlugtig verdwyn en toe weer verskyn met 'n groot beker yswater. “Het jy verdwaal?” het sy gevra. Ek het myself hoor verduidelik dat ek 'n botanis uit Suid-Afrika is wat 'n vergelykende tesis skryf oor woestynplante van Amerika en Afrika.

“Is dit jou tesis?” het sy gevra en gewys na die swart boek wat by my rugsak uitsteek. “Nee,” het ek verduidelik, “dis die dagboek van Herman Lipinski, 'n goudprospekteerder wat die einste woestyn in die vroeë agtiende eeu oorgesteek het, op soek na 'n myn. Hy is oorval deur honger en dors en het ineengestort in 'n veld vol klein geel woestynblommetjies wat soos laventel ruik. Toe het 'n snaakse ding met hom gebeur: Een van die blommetjies het in 'n Indiese meisie verander en sy het hom versorg tot hy weer gesond was. Toe hy 'n paar weke later bykom, was daar geen blomme en geen Indiese meisie so ver soos die oog kon sien nie.”

Skielik het ons die geluid van 'n ou Dodge gehoor wat snorkend sy weg baan deur die sandspore. “Dit sal my pa wees,” het sy gesê. “Hy hou nie van vreemdelinge nie. Jy sal nou moet gaan.”

Ek het opgestaan om te loop en onverwags het ek die geur van laventel geruik. Daardie nag kon ek nie slaap nie. Toe die dag uiteindelik breek, het ek 'n kopie van Lipinski se dagboek vir haar gekoop en met 'n vol, nuwe waterbottel het ek kwaai petrol gegee oor die duine. Ek kon nie wag om haar te sien nie.

Ek het die bopunt van die duin bereik, maar iets was verkeerd.
Ek kon my oë nie glo nie. Die woonwa was geroes, vol duike en het skeef gelê. Dit was halfbegrawe onder die sand. G'n mens het vir jare in die woonwa gebly nie. Binne-in was dit donker en die vloer was bedek met 'n laag woestynsand. Skielik het ek bewus geword van 'n vae geur. Laventel. Was dit sy? Ek het haar nooit weer gesien nie, maar in 'n paar sentimeter woestynsand het 'n plantjie met geel woestynblommetjies gestaan!

For Examiner's Use

**16** Hoe weet ons dat hierdie gebeure in die woestyn afspeel?

.......................................................................................................................................[1]

**17** Wat het die motorfietsryer in hierdie deel van die wêreld gedoen?

.......................................................................................................................................[1]

**18** Het die motorfietsryer verdwaal? Motiveer jou antwoord.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

**19** Wat is die ooreenkoms in die ondervinding van die motorfietsryer en Herman Lipinski?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

**20** Waarom was die motorfietsryer skielik nie meer welkom by die karavaan nie?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

**21** Verduidelik in jou eie woorde wat die motorfietsryer die volgende oggend beleef het.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[4]

[Totaal : 10]

**Oefening 2: Vraag 22**

Lees die volgende artikel oor babelas.

# BABELAS: DIE REDES

Jy sluit na werk by vriende aan vir ‘n paar drankies. Of jy nou ‘n yskoue bier afsluk of eksotiese en kleurvolle brousels met sambreeltjies en simpel name drink, mag jy môreoggend opstaan en voel asof jy ‘n tennisbal is by die Franse Ope. Hier’s hoekom:

‘n Paar drankies mag help met sosiale interaksie en dit lekkerder maak om jou kos af te sluk, maar drinksessies wat langer as ‘n paar uur duur, kan erge gevolge inhou.

Alkohol se eerste teiken is die sentrale senuweestelsel wat jou noodsaaklikste liggaamsfunksies beheer, insluitend jou spraak. Dit is hoekom dit moeilik is om iemand se telefoonnommer te vra na ses tequilas.

Alkohol meng in met die sentrale senuweestelsel se vermoë om die boodskappe van jou sintuie te analiseer wat klassieke simptome tot gevolg het: slordige uitspraak, wanbalans, sweet en, natuurlik, die verlies van inhibisies. Die skielike drang om op tafels te dans, te gaan swem in die middel van die winter en uit volle bors te sing, is die gevolg van alkohol se aanslag op die frontale korteks, die deel van die brein wat denke beheer.

Alkohol is ‘n kragtige urineermiddel wat veroorsaak dat jou niere vloeistof na jou blaas pomp. As gevolg daarvan ontwater jy en dit lei tot die babelassindroom wat rugbyliefhebbers op ‘n Sondagoggend voel. ‘n Lus vir koolhidrate na ‘n aand van diep in die bottel kyk, is die gevolg van alkohol se effek op jou bloedsuikervlakke. Jou liggaam reageer op die hoë vlakke glukose wat in die meeste soorte alkohol voorkom deur insulien te vervaardig wat die glukose kan beheer. Wanneer glukosevlakke laag is, voel jy bewerig en moeg, terwyl jy baie sweet en lus is vir kos met koolhidrate.

Jy mag ook voel dat jy goed slaap na ‘n paar drankies, maar daar is bewyse dat alkohol met jou slaappatrone inmeng. Al raak jy aan die slaap sodra jou kop die kussing raak, sal jy nie uitgerus voel wanneer jy opstaan nie.

En as jou bedmaat kla dat jy snork nadat jy gedrink het, kan jy ook maar die alkohol blameer: alkohol veroorsaak dat die spiertjies agter in jou mond ontspan.

As jy baie gehad het om te drink, kan jy die volgende dag nog steeds die wettige alkohollimiet oorskry. Dit is omdat jou lewer slegs sekere hoeveelhede alkohol op ‘n slag kan afbreek. Behalwe dat jy verskriklik ruik, mag jy ook erg lyk en nog erger voel. Dit is omdat ‘n hewige drinksessie jou liggaam van die vitamiene en minerale beroof wat jy nodig het om goed te voel.

For Examiner's Use

Gebruik die inligting en skryf 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde oor die negatiewe gevolge wat te veel alkohol op die menslike liggaam het.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 8]

**Oefening 3: Vrae 23–24**

Lees die onderstaande inligting en beantwoord vrae 23–24 deur ‘n opsomming van elkeen in notavorm of puntvorm te gee, met ander woorde ‘n paragraaf is nie nodig nie.

## HET JY AL OOIT GEWONDER…

### WAT IS STAMSELLE?

Dit is “ongeprogrammeerde” selle wat in ander soort selle kan verander. Hulle word gevind in menslike embrio’s, die naelstring en selfs in menslike vet. Die selle van embrio’s is die bruikbaarste, aangesien dit in enige soort weefsel in die menslike liggaam kan ontwikkel. Om dit te kan doen, “herprogrammeer” wetenskaplikes die selle voordat hulle dit in die liggaamsdeel waar dit benodig word, inspuit. Hartweefsel is alreeds op hierdie manier gemaak en eendag mag dit moontlik wees om siektes soos Altzheimer en kanker so te genees.

### STOKPERDJIES WAT GELD MAAK

Stokperdjies is nie aan die uitsterf nie. Dit neem vandag net ‘n ander vorm aan en word, meer as in die verlede, winsgewend bedryf.

Jongmense is deesdae so besig dat hulle min tyd het vir ‘n stokperdjie. My ervaring is dat van die besigste mense ‘n tydverdryf het. Dit is terapeuties belangrik, bevredigend en baie verrykend.

Kinders bring ure deur by winkelsentrums en veral in elektroniese speletjieslokale. Die rekenaar bied nuwe moontlikhede. Talle jongmense het al die mooiste kaartjies en produkte op rekenaars ontwerp. Ander is goeie programmeerders. Nog ander het belangstelling in die tegniese faset van die rekenaar.

Ongelukkig is die televisie en oorfone die meeste jongmense se stokperdjies. Stokperdjies is uiters nodig om in ons gejaagde lewe van vandag te oorleef.

For Examiner's Use

**23** Sê kortliks in jou eie woorde waarom stamselle vir die medici so belangrik is.

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................[3]

**24** Noem die voordele wat 'n stokperdjie kan inhou.

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................

* ..............................................................................................................................................[5]

[Totaal : 8]

**Afdeling 3**

**Oefening 1: Vraag 25**

Jy was op een van die onderstaande toere en het dit so geniet dat jy weer wil gaan. Skryf aan 'n vriend/-in en vertel vir hom/haar wat jy alles tydens die toer gedoen het. Sê ook waarom jy dink hy/sy saam met jou op so 'n toer behoort te gaan.

Jou brief moet ongeveer 150 woorde beslaan; 'n adres bo-aan is nie nodig nie.



For Examiner's Use

Beste ..............................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

[Totaal : 12]

**Oefening 2: Vraag 26**

Kies een foto hieronder, skryf die nommer neer en skryf die lewensverhaal van daardie persoon soos wat jy dit sien.

Jou verhaal moet uit ongeveer 200 woorde bestaan en jy moet self die titel gee.

1



2



3



4



5



6



For Examiner's Use

[Totaal : 16]

**Oefening 3: Vraag 27**

Kies een van die onderstaande onderwerpe en skryf ‘n artikel van ongeveer 200 woorde aan jou skoolkoerant.

**(a)** Die skoolraad het besluit om iets aan die probleem van groter kinders wat ander boelie of afknou, te doen. Stel jou standpunt oor boelies.

- Noem die probleme wat boelies in julle skool veroorsaak.
- Verduidelik die stappe wat jy dink behoort gedoen te word om teen hierdie skuldige leerlinge op te tree.
- Verduidelik hoe hierdie stappe tot ‘n verbetering in julle skool kan lei.

**OF**

**(b)** Soms is gestremdes vir baie ander mense ‘n bron van inspirasie, hoop en vasberadenheid. Stel nou jou standpunt in ‘n artikel oor:

- die rol wat gestremdes in ons samelewing kan of behoort te speel en
- lewer kommentaar op wat die gemeenskap kan doen om ‘n beter toekoms vir gestremdes te help bou.

For Examiner's Use

[Totaal : 12]

BLANK PAGE